Pretoria- …….

Skriflesing: 1 Johannes 1:8 – 2:2
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 2 paragraaf 3 en 4**
Teks: 1 Johannes 2:2
Sing- Ps. 68:2; Ps. 71:1,12; Ps. 107:1

In die begin van hfst. 2 van die Dordtse Leerreëls het ons gesien dat God tegelyk regverdig maar ook barmhartig is. Terselfdertyd was dit 'n uitgemaakte saak dat aan die reg van God voldoen moes word. Daar moet betaal word! Ons sonde wat teen die hoogste majesteit van God begaan is, het die hoogste straf vereis wat daar kan wees. Daar sou geen ander weg wees nie. God moes aan Homself getrou wees. Hierdie verskriklike straf wat daar moes wees staan nie los dat die regverdige God tegelyk barmhartige Vader is nie. In wat die Dordtse Leerreëls hier duidelik maak dat alleen as daar aan die reg van God voldoen kon word sal daar barmhartigheid ook kan wees.

Om die reg van God met sy liefde te kon versoen het God sy eie Seun na ons gestuur. So het Christus ons Borg en Middelaar geword. 'n Borg wat beteken Hy het vir ons verantwoordelikheid aanvaar. Hy wat sou word dit wat die eerste Adam nie kon wees nie, daarom word Hy dan ook die tweede Adam genoem. Hierdie tweede Adam wat Hom vir ons gegee het, ja die vloek van die sonde het Hy op Hom geneem, soos dit in Galasiërs staan – *Hy het vir ons 'n vloek geword*. Die volle straf, die volle toorn, die volle vloek wat daar op ons was, dié het Hy gedra. As Hyself aan die kruis dit uitroep- DIT IS VOLBRING- dan gaan dit daaroor dat Hy aan die volle reg van God voldoen het.

Die volmaakte offer is Jesus se volkome werk. Paragraaf 3 en 4 gaan juis in meer besonderhede oor die waarde van Christus se versoeningsdood waardeur ons gered is. Niemand hoef bang te wees of bekommerd te wees dat die werk van Jesus Christus nie vir hom/haar is nie. Die evangelie roep almal op om te glo. By die hoor van die evangelie moet jy weet dit is ook vir my bedoel. Ek mag nie vooraf dink dat ek is verwerp, ek is uitgesluit daarom sal ek nie kan luister nie. Die Woord moet aan almal verkondig word. Alle volke, lande, tale en nasies, niemand mag hierby uitgesluit word nie.

Paragraaf 3 van die Dordtse Leerreëls wil ons in alle geval die algenoegsaamheid van Christus se offer bekend maak. Die krag en waarde daarvan is so groot dat net hierdie één offer vir ons genoeg was. Christus het Homself een keer geoffer, maar hierdie een offer was in alles volmaak dat geen offer meer nodig was nie. In Rom.5 lees ons – *Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie…*

Ons wat vandag in ’n multi-kulturele, multi-godsdienstige samelewing verkeer, word gekonfronteer met die vraag of daar slegs versoening met God kan wees deur Jesus Christus?! Wat van mense wat nie in Jesus Christus glo nie? Wat van bv. Moslems, Boeddhiste? Moet ons aflei dat hulle nie met God versoen is nie? Om so te dink, bots met ons grondwet. Elke godsdiens moet vandag mos gelyke regte en waardering ontvang.

Uiteindelik gaan dit egter oor wat God sê en dink. En dan moet ons teen die stroom van die véél godsdienstigheid ingaan. God Self gebruik absolute taal. Joh.14:6 sê Christus baie duidelik- *Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.* Daar is geen Moslem, Boeddhis of wie ook al wat na God die Vader kan kom buite Jesus Christus nie, maak nie saak hoe godsdienstig hy of sy is. Dink ook aan Hand. 4:12- *En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie*. Om hierdie waarheid te verswyg, lyk miskien vriendelik teenoor die mense wat ander godsdienste aanhang. Maar dis onbarmhartig. Want, sonder Christus gaan hulle onherroeplik verlore. Kyk ook na 1 Tim 2:5- *Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.* In 1 Joh.5:12 lees ons- *Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.*

Christus se dood was die enigste, die perfekte, volkome genoegsame offer vir ons sondes. Daar kan geen beperking geplaas word op die volkome genoegsaamheid van Christus se werk vir ons nie. Die Dordtse Leerreëls stel dit baie sterk- **Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen…** Christus se offer is nie slegs genoeg vir die redding van een volk, in ons geval die Afrikaners nie. Dis oorvloedig genoeg om almal wat glo te red, ja vir die hele wêreld. In 1 Joh.2:2 lees ons: *Hy is ’n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir die van die hele wêreld.* Die hele wêreld is op hierdie middel aangewese.

Die hele wêreld, wat die bekende Joh.3:16 so duidelik by uitkom - *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Joh.1:29 het ons onlangs weer by Nagmaal gehoor- *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem*. 2 Kor.5:19 staan - *God het in Christus die wêreld met Homself versoen*. Die wêreld sien op ’n organiese, samehangende geheel. Dis die pragtige geheel van God se skepping. Met die mens as kroon. Toe die mens

geval het, het die wêreld saam met hom geval. Daarom het nie slegs die mens nie, maar ook die hele wêreld versoening nodig, sodat die hele wêreld in sy heerlikheid herstel kan word.

As paragraaf 3 die oneindige krag en waarde van Christus se dood vooropstel, dan is paragraaf eintlik net ’n verduideliking van waarom is Christus se dood so baie werd. Hoekom is die dood van Christus argumentsonthalwe meer werd as wat alle mense op aarde se dood tesame werd kon wees. Paragraaf 4 gee die duidelike antwoord- **Hierdie dood het daarom so ‘n groot krag en waarde, omdat Hy wat dit ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie maar ook die eniggebore Seun van God. Hy is saam met die Vader en die heilige Gees een en dieselfde ewige en oneindige Wese. So moes ons Verlosser dan ook wees.** Die feit dat Christus ook ware God is, Hy in alles God is, dieselfde krag en waarde wat daar in God is, is in Hom. Hy wat ook nooit opgehou het om God te wees nie, al het Hy Homself tot in diepste dieptes verneder was Hy nog altyd God. Ook wanneer ons Fil.2:6-7 lees dan staan daar- *Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as ‘n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.*

Dit wat ons hier lees, beteken weliswaar nie dat Christus vir ’n oomblik sou ophou om God te wees nie, maar juis het Hy Hom laat verneder, Hy het hom laat ontledig, in die Grieks staan die woord - **κενόω** wat ook vertaal kan word dat Hy Homself gemaak het, iemand met geen reputasie, Homself ’n niks gemaak het, die krag, die merkwaardigheid wat daar by Hom was, Hy het Hom daarvan laat stroop, Hom leeggemaak, maar al het dit alles gebeur het Hy as God vir ons sondes betaal. ’n Heilige God en ’n menslike mens het tegelyk vir ons betaal, want dit is Hy al twee, Hy is God en mens. Sy Goddelike natuur het nie opgehou toe sy menslike natuur bestaan het nie. Op die oomblik is Hy nog steeds God en mens. Die hoeveelheid mense wat daar kan wees wat deur sy dood baat kon vind, daar is geen beperking wat daarop geplaas kan word nie. Wanneer die Dordtse Leerreëls oor 1 Joh. 2:2 praat dat Christus se dood is ook ’n versoening vir die van die hele wêreld, dan moet ons hieruit tog aflei dat die dood en lyding van Christus van so ’n groot waarde, krag en prys is, dat dit oorvloedig genoegsaam is, om die sondes van almal en elkeen, wat ooit geleef het, leef en sal leef te betaal, ook al was daar meer as duisend wêrelde.

Dit beteken egter nie, dat vir alle mense metterdaad die verlossing, versoening, vergewing van sondes en die ewige lewe verkry en verwerf is nie. Ons kan dit dalk so stel- Christus se offer was oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. As almal uitverkies sou wees, en almal sou glo, dan sou almal deur die een offer gered word. Wanneer nie alle mense salig word nie, dan lê die skuld nie by die offer van Christus nie, asof dit ontoereikend sou wees nie. Dit is vir almal genoeg.

***

Maar, en dit is 'n belangrike onderskeid wat u moet vashou, die offer is wel genoeg vir almal, maar nie vir almal bestem nie. Dis alleen vir die uitverkorenes bestem. Dit kom slegs hulle ten goede. Om daaraan deel te kry, moet 'n mens ook werklik by Christus behoort. En hoe behoort ek by Christus? Deur die geloof. So word ek in Christus ingelyf en geld die offer van Christus vir my. Wanneer ons dit besef dan is die woorde uit die Nagmaalsformulier nog altyd so 'n ryke troos- . As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel nie. Maak nie saak hoe groot en sleg my sondes is nie. Geen sonde is so groot en geen sondaar kan so diep val nie of Christus se offer is voldoende. Christus het genoeg gely selfs vir my ergste sondes, die sondes waaraan ek steeds weer herinner word, die sondes waarvan ek my lewe lank die littekens dra.

Daarvoor het Christus nie net liggaamlik gely nie, want baie keer steek ons so maklik net by sy liggaamlike lyding vas- wanneer die belydenis dit stel dat **Hy die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gedra het,** dan is dit 'n geestelike (sielkundige) lyding wat Hy moes deurgaan. Só het Jesus Self daarvan getuig toe Hy ook die nag in Getsémané vir sy dissipels gesê het - *My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My*. So erg was die lyding dat Hy bloed uitgesweet het. Ons kan hierdie deel van die Dordtse Leerreëls eintlik nie beter saamvat en opsom as sou ons terugblaai na die Kategismus V/A 37 dan staan dit daar só duidelik- Met die enkele vraag stel die Kategismus dit soos op 'n mespunt- **Wat verstaan jy onder die woordjie *gely*? Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.**

Pretoria- .....

Die offer is genoeg vir die grootste sondaar ook vir die grootste misdadiger en moordenaar. Ons weet nie wie uitverkies is nie. Maar ons weet wel dat die Here wil hê dat sy evangelie aan alle mense verkondig moet word, met die eis van geloof en bekering. Ons weet ook dat God sy volk uit alle volke, tale, rasse en stande wil vergader.

Die dood van hierdie Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Vanweë sy Persoon en sy lyding. Hy het werklik die toorn van God vir ons gedra. Weggedra. Wie sou dan 'n ander Verlosser soek? Daar is slegs één Middelaar tussen God en die mense, die Mens Christus Jesus. In Hom ontvang ons werklik alles wat tot ons heil nodig is. Daar hoef niks aan toegevoeg te word nie. God het ons met Homself versoen. So lief het Hy die wêreld gehad. Dan gaan 'n mens nie allerhande goed doen om Hom aan jou kant te kry nie. Nee, in Christus staan God reeds aan jou kant. Laat ons onsself as lewende dankoffers aan Hom toewy.

AMEN